# 468.  YAHWEH OOR AL WAT LEWE

```
        G    C        F       G  C
1.      Yahweh oor al wat lewe
        G    C     F        G
        kom alles van my vra:
        G      C          F       G    C
        “Kom dra, deur selfverloëning,
             D                     G
        jou vloekpaal, volg My na.”
                     C      F  G
        Wie selfgerig bly lewe,
                      C       G
        hy sal homself verloor,
            C                    F  G  C
        en wie selfsug laat sterwe,
        F              G            C
        laat loop die Leidsman voor.

        G    C        F      G  C
2.      Yahshua vra ons almal
        G    C       F         G
        dat ons onsself verloën.
        G   C         F        G  C
        Net so kan ons aan ander
            D                  G
        Sy reg, Sy trou betoon.
                        C       F  G
        Want elkeen wat die lewe
                      C       G
        net vir homself wil hou
            C                F  G  C
        is aan die blye boodskap,
        F          G        C
        die lewe self, ontrou.

        G    C           F      G  C
3.      Die Leidsman na die lewe
        G    C         F          G
        het deur wat Hy moes ly,
        G   C            F    G  C
        vir ons ‘n doel op aarde –
             D                G
        werk in Sy ryk – berei.
                    C       F  G
        Is daar ‘n blyer boodskap –
                            C         G
        wat kan mens meer verwag?
             C                  F  G  C
        Wie met Yahshua sterwe,
        F              G       C
        herleef ook deur Sy krag.
```